Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 26
8 Augustus 2024

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

LANGNAWEEK
Ons hoop dat die Ma's op vrouedag baie bederf sal word. Ek weet al ons Pa's gaan die Ma's in die kombuis afgee, sodat hulle hul braaivernuf ten toon kan stel. Geniet die langnaweek saam met u gesinne. Die wat ver reis, ry veilig, want u vervoer 'n kosbare vrag.

PARKERING
Ons doen 'n ernstige beroep op alle ouers om nie voor enige motorhek by die skool te parkeer nie. Die onderwysers en nasorgpersoneel kan dikwels nie die bussies op die terrein parkeer nie, omdat daar motors voor die hekke geparkeer staan. Ons waardeer u samewerking in hierdie verband.

BORGSKAP : SPANKLERE
As daar enigiemand is wat o/13B rugby- en netbalspanne se klere vir 2025 wil borg, kontak ons gerus by admin@lnpark.co.za

GESINSKAMP 30 AUGUSTUS – 1 SEPTEMBER 2024
Ons is baie opgewonde oor die gesinskamp wat by Willows gaan plaasvind. 'n Omsendbrief met al die besonderhede rakende die kamp is verlede week aan u deurgestuur. **Ons het nog net 12 staanplekke beskikbaar. Soos u dan inbetaal volgens die voorskrifte op die omsend-brief, kan u 'n staanplek by Mev. Laas kom kies deur 'n epos na haar by fin@lnpark.co.za te stuur.**

BELANGRIKE DOKUMENTE VIR BESTAANDE- EN NUWE OUERS
Alle nuusbriewe, buitemuurse roosters, kalender, klerewinkel se pryslyste/bestelvorm, aansoekvorms en nasorginligting word nou op ons skool se webwerf geplaas. Nuusbriewe word ook elke Vrydag op ons skool se facebook-blad geplaas. Volg hierdie skakels vir voorgenoemde:

Webwerf: www.laerskoolnewtonpark.co.za
Facebook-blad: www.facebook.com/LaerskoolNewtonpark

PLASING VAN HUISWERK
Soos u reeds weet, het ons skool wegbeweeg van die D6-toep. Huiswerk sal nou op die volgende **TWEE maniere** aan die ouers beskikbaar gestel word, sodat dit van beide u selfoon en rekenaar toeganklik is.

SELFOON - SMS: ‘n SMS met ‘n aanhangsel word Maandae aan ouers gestuur. Maak dus seker dat die skool u korrekte selfoonnommer het.

REKENAAR - Google Drive: Huiswerk vir alle grade sal aflaaibaar wees vanaf ‘n Google-Drive rekening. Volg hierdie skakel om toegang tot hierdie lêers te kry:
https://drive.google.com/drive/folders/1Js5mo6zV_heYEpqZroY6b68XWa3pUMOt?usp=sharing

Hierdie skakel bly deur die loop van die jaar dieselfde, so u kan weekliks hierdie skakel volg om die huiswerk te bekom.
Vir meer inligting rakende die gebruik van Google Drive en hoe om hierdie lêers te bekom, volg gerus die volgende skakel:
https://www.youtube.com/watch?v=4i4BP0vgK-c&ab_channel=Mr.Vacca

ONDERSTEUNERSHEMDE
Ons wil al ons ouers aanmoedig om vir u Laerskool Newtonpark-ondersteunershemde aan te skaf. U kan by ons klerewinkel kom aanpas, dan doen ons bestellings.

FACEBOOK-BLAD: SKOOLKLERE
Die facebook-groep, SKOOLKLERE - Laerskool Newtonpark, bestaan steeds en dit is lekker besig daarop. Maak gerus van die gerief gebruik as u van skoolklere wil ontslae raak wat te klein geword het vir u kinders.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebook-blad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto’s te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

TOELATING 2025: GRAAD 2 – 7
Op Dinsdag, 16 Julie 2024 is daar ‘n brief in verband met bogenoemde aan elke ouer gestuur. Die personeelvoorsiening van Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Ons versoek u om asb. die skeurstrokie, onderaan daardie brief, te voltooi en onverwyld saam met R900 deposito (per kind) skool toe stuur of te EFT om sodoende te verseker dat u kind(ers) ’n plek het.

Die bedrag is voor/op 30 September 2024, betaalbaar. Hierdie bedrag is nie-terugbetaalbaar en sal dien as deel van die eerste betaling op u kind(ers) se skoolgelde vir 2025. Sodra die betaling ontvang word, sal u kind(ers) se inskrywing as afgehandel beskou word.

SKOOLGELDE 2024
Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: **maandelikse debietorder** oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2024. ‘n Debietorder kan slegs op ‘n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die **skoolgelde EFT**. Ons beskik ook oor **‘n kaartmasjien** by die skool wat u kan gebruik.

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks <u>streng vooruitbetaalbaar</u>. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan <u>fin@lnpark.co.za</u> stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Geniet die langnaweek saam met jul kinders.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE KWARTAAL:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Ma – 12 Augustus :
Klerewinkel: **07:30 tot 12:00**
Netbal : 0/7A teen Walmer Wes **(w)**
Netbal : 0/8A teen Walmer Wes **(w)**
Netbal : 0/12A teen Walmer Wes **(w)**
Netbal : 0/13A teen Walmer Wes **(w)**

Di – 13 Augustus :
Senior Koor : **07:25 tot 08:00**
TOETS : Engels graad 4 en 7
TOETS : Afrikaans graad 5 en 6
Tennis: Senior A teen Handhaaf **(w)**
Tennis: Senior B teen Lorraine **(t)**
Tennis: Senior C teen Clarendonpark **(w)**
Tennis: Senior D teen Greenwood **(w)**
Finansiële komitee vergadering 17:00

Wo – 14 Augustus :
Junior Koor : **07:30 tot 08:00**
Klerewinkel: **12:00 tot 14:30**
Rugby : 0/9A teen Clarendonpark **(w)**
Rugby : 0/11A teen Clarendonpark **(w)**
Rugby : 0/11B teen Sunridgepark B **(t)**
Rugby : 0/13A teen Clarendonpark **(w)**
Rugby : 0/13B teen Sunridgepark B **(t)**

Do – 15 Augustus :
Senior Koor : **07:25 tot 08:00**
TOETS : SW Geskiedenis graad 4 en 6
TOETS : SW Aardrykskunde graad 5 en 7
Netbal : 0/9A teen Walmer Wes **(t)**
Netbal : 0/10A teen Walmer Wes **(t)**
Netbal : 0/11A teen Walmer Wes **(t)**
Herbert Hurd Koorfees : Senior Koor

Vr – 16 Augustus :
Klerewinkel: **07:30 tot 12:00**
Junior Koor : **07:30 tot 08:00**
Bloedskenk : 08:30 tot 15:00

Sa – 17 Augustus :
Mount Pleasant Sportdag (w)

SPORT EN KULTUUR

SUMMERWOOD BULLETJIES EN BLOMMETJIES : RUGBY

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
3 Augustus	0/7	Volkskool	LNP verloor 1 – 2
3 Augustus	0/7	Summerwood	LNP verloor 2 – 4
3 Augustus	0/7	Mighty Kings	LNP verloor 2 – 5
3 Augustus	0/7	Lorraine	LNP verloor 2 – 6
3 Augustus	0/8	Lorraine 1	LNP wen 4 – 1
3 Augustus	0/8	Summerwood 1	LNP wen 3 – 0
3 Augustus	0/8	Curro	LNP verloor 2 – 3

SUMMERWOOD BULLETJIES EN BLOMMETJIES : NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
3 Augustus	0/7A	Lorraine A	LNP wen 4 – 1
3 Augustus	0/7A	Summerwood A	LNP verloor 0 – 1
3 Augustus	0/7A	Kirkwood A	LNP wen 2 – 1
3 Augustus	0/7B	Netball Divas	LNP speel gelykop 0 – 0
3 Augustus	0/7B	Kirkwood A	LNP verloor 0 – 3
3 Augustus	0/7B	Lorraine A	LNP verloor 2 – 4
3 Augustus	0/8A	St. George's	LNP wen 10 – 0
3 Augustus	0/8A	Kirkwood	LNP wen 5 – 1
3 Augustus	0/8A	Summerwood	LNP wen 3 – 2
3 Augustus	0/8B	Netball Divas	LNP wen 6 – 0
3 Augustus	0/8B	Netball Divas	LNP wen 8 – 0

RUGBY

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
2 Augustus	0/8	Setlaarspark 1	LNP verloor 2 – 3
2 Augustus	0/8	Setlaarspark 2	LNP wen 11 – 0
2 Augustus	0/8	Cotswold	LNP wen 4 – 1
7 Augustus	0/11A	Diaz	LNP wen 51 – 0
7 Augustus	0/11B	Clarendonpark C	LNP verloor 5 – 15
7 Augustus	0/13A	Diaz	LNP wen 43 – 15
7 Augustus	0/13B	Clarendonpark	LNP wen 45 – 0

NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
2 Augustus	0/9C	Cotswold B	LNP wen 2 – 1
2 Augustus	0/9C	Cotswold A	LNP verloor 1 – 3

RUGBY : VERKENNER 0/13-TOERNOOI

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
1 Augustus	0/13A	Verkenner	LNP verloor 5 – 14

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
6 Augustus	Senior A	Sunridgepark	LNP wen met 8 potte
6 Augustus	Senior B	Collegiate	LNP wen met 4 potte
6 Augustus	Senior C	Sonop	LNP verloor met 14 potte
6 Augustus	Senior D	Lorraine	LNP wen met 4 potte

SKAAK

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
2 Augustus	Senior	Lorraine	LNP wen 4.5 – 2.5
2 Augustus	Junior	Charlo	LNP wen 5 – 2

DESPATCH KUNSFEES UITSLAE

MUSIEK : Graad 3 tot 7
Graad 3
Goud: Ludwig Kolesky

Graad 4
Goud: Karah Claassen (2), Marissa Terblanche (2), Ané Spangenberg en Maryke van Vuuren.

Graad 5
Silwer: Nina Loots en Lehan Wolmarans
Goud: Amy Grobbelaar
Graad 6
Silwer: Johan Spangenberg en Lisa Scheepers
Goud: Evanthia Camarinos, Inge Joubert en Lisa Scheepers

Graad 7
Silwer: Emma Gough, Jenna Hayward (2) en Mieke Loots (2)
Goud: Nina Latham (2)

KORE:
Junior- en Seniorkoor: Goud

VOORDRAG : Graad 1 tot 3
Graad 1
Silwer: Ava Beer
Goud: Leanè Jacobs, Holly Pheiffer en Amorè Verster

Graad 2
Goud: Tiffany du Toit, Estian Prinsloo, Daniël Bester en Jayce Fourie

Graad 3
Goud: Emma Moore en Karli Melville

VOORDRAG : Graad 4 – 7
Graad 4:
Goud: Karli Barkhuizen, Emma Bester en Emma van Niekerk

Graad 5:
Goud: Nina Loots en Lacey van Rensburg

Graad 6:
Silwer: Emily Prinsloo
Goud: Hendrik van Staden

Graad 7:
Goud: Lianie Barkhuizen, Mieke Loots, Lara van Niekerk en Fourie le Grange

OPSOMMING VAN KUNSFEES 2024
Ongeveer 110 kinders het aan die fees deelgeneem.

	Junior Voordrag	Senior Voordrag	Musiek	Kore	TOTAAL
Goud	**9**	**10**	**12**	**2**	**33**
Silwer	**1**	**1**	**8**		**10**

Hartlik geluk aan elke kind wat deelgeneem en Laerskool Newtonpark se naam hoog gehou het, ons is trots op julle!

TENNIS : RAINBOW KIDS-TOERNOOI

Kean Kloppers in graad 4S het twee “Rainbow kids”-tennistoernooie in Oos-Londen tydens die Junievakansie gespeel. Hy het 9 wedstryde gespeel waarvan hy slegs 1 verloor het en sodoende ‘n 3de plek behaal in die eerste toernooi en die 2de toernooi gewen. Baie geluk, Kean!

Vier van ons leerlinge, Elmer Kloppers (Gr. 5SW), Kean Kloppers (Gr. 4S), Ruan Heneke (Gr. 7D) en Ethan Koen (Gr. 7O) het die naweek van 27 – 28 Julie by Grahamstad in dieselfde toernooi gespeel waar Kean tot die 0/10 finaal deurgedring en in ‘n naelbytwedstryd teen ‘n speler van die Eden-distrik verloor het.

KARATE

‘n Paar van ons leerlinge het op Saterdag, 3 Augustus aan die Titan Karate Development-kompetisie deelgeneem en soos volg presteer:

- Annique du Toit (graad 5D) : silwer vir kata
- Jayden Gouws (graad 5D) : goud vir kata en goud vir kumite
- Lacey van Rensburg (graad 5D) : goud vir kata en silwer vir kumite
- Talinaya van Rensburg (graad 3S) : goud vir kata en silwer vir kumite

SOKKER

Op 2 Augustus het Aaron Nortier in graad 5D en Wian Floor in graad 4S se span, die Callies Highlanders, ‘n wedstryd gespeel teen Priory Jaguars en 6 – 0 gewen. Hulle span speel môre, 9 Augustus teen Old Grey Jaguars en Sondag, 11 Augustus teen Priory Lynxes. Baie geluk en baie sterkte vir die volgende wedstryde, manne!

MODELKONTRAK

Alana Momberg het vir ‘n model kontrakkompetisie by TMA models ingeskryf en gewen. Baie geluk, Alana!

MODELEKSAMENS

Nina Latham in graad 7D het onlangs haar eerste TMA Modeling eksamen afgelê en het 86% behaal. Baie geluk Nina!



TOMBOLA
Hierdie jaar gaan ons groot!
Wat is 'n basaar sonder 'n tombolatafel?
Ons soek asb enige bydraes vir die tombolatafel.
Kyk asseblief in u huis of daar enige iets is wat u nie meer gebruik nie en wat 'n kinder -en ouerhart kan bly maak.
Dit is nou jul kans om van al jul 'wit olifante' en 'meskien' kry ek dit later nodig' items ontslae te raak.
Byvoorbeeld :
Ou speelgoed, skryfbehoeftes, kinderboeke, lekkergoed, teddies, juwele, ornamente, meubels, kunswerke, kombuisgoedere, bv. ongebruikte werkende toebehore, breekware, werkende toerusting, ens.
Stuur dit asseblief voor of op Maandag, 2 September 2024 skool toe.
Baie dankie vir u hulp!!
OOV

LAERSKOOL NEWTONPARK
BASAAR
6 SEPTEMBER 2024
SPELETJIES VANAF 13:00
KOSVERKOPE VANAF 14:00
BESTELLINGS EN BETALINGS KAN OP DIE KARRI-TOEP GESKIED. BESTELLINGS SLUIT MAANDAG, 2 SEPT 2024. 'N BEPERKTE AANTAL EKSTRA BASAARKOS SAL OP DIE DAG BESKIKBAAR WEES.
PANNEKOEK
BASAARKOS
TOMBOLA
TEETUIN
LEKKERS
POEDING